

24 Julie

Skrifgedeelte: Lukas 22:54-62

Fokusgedeelte: DL, 5:7

Ook die berou kom van God!

Kort nadat Petrus ewe selfvoldaan gesê het dat hy bereid is om selfs gevangenskap en dood saam met Jesus in te gaan het hy Hom drie maal verloën deur te sê dat Hy Jesus nie ken nie. Onmiddellik, terwyl hy nog gepraat het, het daar 'n haan gekraai en het hy Jesus se woorde aan hom onthou. Net toe het Jesus hom ook aangekyk. Dan lees ons (vers 62): "En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil."

Petrus het bitterlik gehuil, want hy het sy Here verloën juis toe sy Here hom die nodigste gehad het. Hy was diep teleurgestel in homself. Hy was so seker dat hy stewig en vas gestaan het en nou het hy geval. Hy het so selfversekerd gevoel en nou het hy besef dat hy swak en sondig is. Petrus kon daar omgedraai het en weggeloop het asof niks gebeur het nie, maar hy doen dit nie. Nee, sy hart skeur en hy huil bitterlik. Ook hierdie berou het van God gekom! Ja, God bewaar die saad van die wedergeboorte in sy kinders sodat dit nie deur ons sonde vernietig word nie.

"Ten tweede vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot berou. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry." Ook die berou kom dus van God!

As ek gesondig het en ek het berou daaroor, in so 'n mate dat my hart skeur en ek bitterlik daaroor wil huil, is dit vir my die versekering dat God my nie laat los het nie, maar dat Hy steeds deur sy Gees en Woord in my werk! Dan besef ek opnuut hoe groot God se genade is!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~